Dinsdag 17 Mei 2005

# Instituut beplan verskeie projekte

Om die probleem van die digitale gaping aan te pak, word die Meraka Instituut vandag amptelik by die WNNR bekend gestel.

By dié instituut, wat in Sesotho, Sesotho sa Leboa en Setswana "gesamentlike weiveld" beteken, is die strategie om 'n inklusiewe inligtingsgemeenskap te skep deur gesamentlike navorsing, asook om die inligtingkommunikasietegnologie te ontwikkel en toe te pas vir volhoubare maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling.

Verskeie projekte gaan deur die instituut aangepak word, ondere meer:

■ Die Digital Doorway-projek is 'n vennootskap tussen die departement van wetenskap en tegnologie, die Meraka Instituut en Eskom om rekenaargeletterdheid te bevorder. Kiosks is reeds in verskeie gemeenskappe geïnstalleer met nog meer in die vooruitsig in die volgende paar weke.

■ Die menslike taaltegnologie (HLT) se navorsingsgroep bestudeer die wyse waarop HTL toegepas, aangepas en ontwikkel kan word om alle mense te bevoordeel deur byvoorbeeld teks-tot-teks of stemerkenning en elektroniese uitspraakwoordeboeke.

■ Die instituut was die dryfveer agter NAP (National Accessibility Portal), 'n projek wat inligtingskommunikasietegnologie gebruik as 'n manier om mense met gestremdhede te bemagtig.

■ Die verwydering van tegnologiese hindernisse deur byvoorbeeld die gebruik van draadlose tegnologie.

■ Die bevordering van oopbrontegnologie deur die Open Source Centre , 'n semi-outonome eenheid.

Afrika, SA ongeletterd wat inligtingtegnologie betref